NGUNI Beestelersgenootskap
Cattle Breeder's Society

Tel: 051 448 7302/3 • Fax: 051 448 7304
Posbus/P.O. Box 506 Bloemfontein 9300
Email: info@ngunicattle.info • Web: www.ngunicattle.info

NGUNI NUUS – OKTOBER 2013

(This letter is available in English at the office and on the website)

Beste Nguni Teler

Hiermee inligting vir u kennisname:

1. Vanaf 1 Julie 2013 is die volgende minimum reproduksie standaarde van toepassing:
   Geregistreerde koeie en hul nageslag:
   - Verse moet kalf voor 39 maande
   - Geen tussenkalfperiode mag 630 dae oorskry nie
   - 'n Koei moet ten minste twee van drie opeenvolgende kalwers grootmaak tot speen ouderdom

   Eerste registrasie (FR) vroulike diere:
   - FR koeie moet kalf binne 24 maande vanaf hul inspeksiedatum
   - Geen tussen kalf periode mag 630 dae oorskry nie
   - 'n Koei moet ten minste twee van drie opeenvolgende kalwers grootmaak tot speenouderdom

2. Vir veilings onder die beskerming (Skedule G2) is die volgende van toepassing:
   - Alle verse ouer as 30 maande moet (deur ‘n veearts) dragtig gesertifiseer wees. Die dragtigheidstatus van koeie op ‘n veiling moet sodanig wees dat hulle kalf binne die tydsbestek wat t.o.v. interkalwingsperiodes vereis word (630 dae).
   - Veilings wat binne ‘n 300 km radius van mekaar plaasvind, mag nie op dieselfde dag plaasvind nie. Een dag moet verloop tussen Internet veilings se sluitingsdatum. Gevestigde veilings en veilings van vorige jare sal voorkeur geniet by die bespreking van datums. Indien die organiseerders van twee verskillende veilings egter ooreenkom en daartoe instem kan twee veilings onder beskerming op dieselfde dag aangebied word.
   - Indien daar vir ‘n veiling aansoek gedoen word om onder die beskerming van die Genootskap plaas te vind en die veiling word gekanselleer, maar vind wel plaas nie onder die beskerming van die Genootskap nie, sal ‘n bedrag van R1 500 van die verkopers (veilings-koördineerder) verhaal word. Klubs sal vrygestel word van hierdie fooie, met die nodige redes van kansellasie.

3. Vanaf 1 Oktober 2013 is die volgende van toepassing:
   - Die reiskostes verhoog van R3.50 na R4.00 per kilometer
   - Spesiale inspeksies se koste samestelling verander vanaf R330 per uur by die teler na alle direkte kostes, naamlik: Inspekteurs reis- en tyds toelaag plus administratiewe kostes. Die kostes is R55 per uur en R4.00 per kilometer.

4. Belangrik om te onthou:
   - Die stelsel kanselleer outomaties diere wat nie aan die standaarde voldoen nie.
   - SA Stamboek moet u geboortekennisgewings **voor** 90 dae ontvang. Indien geboortekennisgewings ontvang word tussen 90 en 210 dae, sal 'n boete gehef word van R50 per laat geboorte. Na 210 dae kan die geboortes nie opgeneem word nie.
   - Alle gebruiksbulle moet 'n DNA profiel aangeteken hê, anders kan die kalwers nie aangeteken word nie.

Yolanda Venter
Kantoor bestuurder